FOKUSTYD

Hulle noem ons *Christene...!*

Om as Christene, toenemend, 'n alternatiewe gemeenskap midde-in die wêreld te wees.

Fokustyd 2013 begin Maandag!!!

Die Fokustyd is bedoel as 'n afsonderingstyd waartydens ons hele gemeente saam fokus op 'n sentrale tema. Elke lidmaat kan deelneem deur ten minstens op een, maar verkieslik op drie vlakke deel te neem:

1. Dagstukkies oor die subtemas word verskaf wat persoonlike godsdiens kan stimuleer

2. Groepsbyeenkomste (kleingroepe, Bybelstudiegroepe, wyke of gesinne) waartydens daar aan die hand van 'n kleingroepriglyn een keer per week saam gefokus word

3. Die eredienste op Sondagoggende sluit die bepaalde tema af.

Neem asseblief kennis:

BOEKIES

• Die boekies is vandag by die deure beskikbaar. Lidmate in Kleingroepe, Bybelstudiegeroepe en Wyksgroepe wat aan die Fokustyd deelneem se boekies is reeds deur groepleiers en ouderlinge geneem.
• Die res van die lidmate kan vandag boekies neem.
• Die boekies is ook elektronies by die Kerkkantoor beskikbaar. Daar is nie kopiereg op die boekies nie en jy kan dit dus ook met familie en vriende oor die internet deel.

GROEPSBYEENKOMSTE

• Indien jy nie by 'n groep ingeskakel is nie, kan jy of Dinsdagaand om 19:00 uur of Donderdagmiddag om 17:00 by die kerksaal kom inskakel by 'n oop gesprek wat deur die predikante gelei gaan word.

TESSALONISENSE

• Die Fokustyd word sterk gerig op Paulus se eerste brief aan die Tessalonisense. Al die groepsbyeenkomste en preke kom uit die gedeelte. Lees dus asb die brief op u eie deel. Op bladsy 7 in die boekie word agtergrond oor die brief verskaf

Week 1: DAAR WORD OOR ONS, AS Christene, GEPRAAT

Dagstukkies:

1. Die Here praat oor ons
2. Ons praat oor onsself
3. Die wêreld praat oor ons
4. Kerk as 'n alternatiewe gemeenskap midde-in die wêreld
5. Persoonlike interpretasie van tema:

Week 2 Volgelinge van Christus in vandag se wêreld
Week 3 Om as Christene met geloof in 'n wêreld van ongeloof te lewe
Week 4 Om as Christene in met liefde in 'n wêreld van liefdeloosheid te lewe
Week 5 Om as Christene in met hoop in 'n wêreld van hopeloosheid te lewe